'N DIENS VAN
A SERVICE OF
Badisa
www.badisa.org.za

Annual Report April 2021 To March 2022

SERVICE CENTRE KLEINMOND DIENSSENTRUM

Ons glo,
Ons gee om,
Ons dien!

Annual General Meeting/Algemene Jaarvergadering
10:30 26 September 2022
NG Kerksaal Kleinmond

SAKELYS | AGENDA

- WELCOME - Manager
- PRAYER - DS van Wyk
- GOEDKEURING NOTULE
- VERSLAG - Voorsitter
- FINANSIES VERSLAG - Tesourier
- FYNBOSPARK VERSLAG - Mnr' C Kok & L Strydom
- OPERATIONS REPORT - Manager
- GENERAL - Open to attendees
- CLOSING





Ons Missie | Our Vision

In navolging van Christus bedien Fynbos Dienssentrum ouer en gestremde persone in die Kleinmond gemeenskap met toepaslike en bekostigbare dienste wat gerig is op die behoeftes van die persoon ten einde die persoon in staat te stel om gelukkig te lewe…tot die einde.

In imitation of Christ, Fynbos Service Center serves older and disabled people in the Kleinmond community with appropriate and affordable services that are focused on the needs of the person in order to enable the person to live happily... until the end.

VOORSITTER VERSLAG

Dit is met groot dankbaarheid dat daar verslag gedoen word oor die werksaamhede van Fynbosdienssentrum die afgelope boekjaar.

Fynbos Dienssentrum is 'n program van Badisa – die barmhartigheidsdiens van die NG Kerk en die VGK. Op 'n onlangse vergadering het die beheerraad weer opnuut na hul missie gekyk en dit soos volg verwoord: In navolging van Christus bedien Fynbos Dienssentrum ouer en gestremde persone in die Kleinmondgemeenskap met toepaslike en bekostigbare dienste wat gerig is op die behoeftes van die persoon ten einde die persoon in staat te stel om gelukkig te lewe (tot die einde).

Ons dankbaar teenoor Melanie Wiles en Avril Pepper, wat afgetree het, vir die onbaatsugtige diens wat hulle gelewer het. Die nuwe sentrumbesuurder in die persoon van Patricia Kissane en nuwe administratiewe beampte, Frieda Lizamore, het hulle voete gevind en lewer uitstekende diens. Twee ywerige kokke en twee flukse kombuisassistente sorg dat sake in die kombuis goed verloop. 'n Tuinier/nutsman is ook deel van die span wat by Fynbospark werk. 'n Aantal vrywilligers, ongeveer 50-60, help in die kombuis,sorg dat etes uitgery word en doen diens as ontvangsdames.

Die verskaffing van gebalanseerde etes bly steeds die hooftaak van die Sentrum. Die aantal lede wat van kos voorsien word, wissel van 80 – 110 per dag.

Wat die finansies betref, is ons dankbaar dat sake sover goed verloop en ons het weer eens 'n skoon oudit ontvang. Kommer bestaan daar wel aangesien die staatssubsidie met die helfte ingekort is. Die bring mee dat daar na effektiewe fonsinsamelingspogings gekyk moet word. Dit bring ekstra druk op die personeel maar ons is dankbaar teenoor Kleinmond se publiek wat ons altyd bystaan om die wa deur die drif te trek.

Ons is dankbaar vir die goeie vordering by Fynbospark en teenoor die Tegniesekomitee wat sorg dat sake goed verloop. 'n Afsondelike verslag meld die stand van sake. Ons is bly oor die mooi gesindheid van die inwoners en die wyse waarop hulle hul eie huishoudelike sake bestuur deur middel van 'n Inwonerskomitee. Dit blyk ook dat daar goeie belangstelling is in die nuwe ontwikkeling.

Met die ondersteuning van die NG Kerkraad van Kleinmond is ons nou besig om 'n hulpmaatskaplike werker vir die gemeenskap van Kleinmond aan te stel. Tuisversorging bly ook steeds in die versier omdat ons van mening is dat daar 'n groot behoeftge vir sodanige versorging bestaan.

Baie dankie aan almal wat meewerk, beplan en belangstel in die werksaamhede van die Sentrum. Sonder u sou ons niks kon uitrig nie. Bly saam met ons droom.

Met groot dank aan ons Hemelse Heer dat ons op die terrein diensbaar kon wees.

JW van Wyk

FINANCIAL REPORT F2022

Verslag tydperk 1 April 2021 – 31 Maart 2022

Hiermee wil ons ‘n oorsig gee van die finansiële status vir die 2020-2021 finansiële jaar van die Fynbos Dienssentrum.

Ons is dankbaar vir ‘n baie suksesvolle jaar, ongeag die Covid restriksies wat ons gehad het. Die diensverlening moes aanpas maar dit was baie goed bestuur, wat ook tot ‘n gesonde finansiële uitkoms bygedra het. Ons fondsinsameling inkomste was baie laag omdat ons nie markte en basaars kon hou nie maar ons uitgawes was ook laag. Ons is baie dankbaar vir die ondersteuning wat ons van die Provinsiale Administrasie gekry het, wat ons deur die moeilike tye gedra het.

Ons syfers vir die afgelope boekjaar:

Inkomste	R 2 174 426	Uitgawes	R 1 991 545	Oorskot	R 182 881

‘n Groot deel van ons oorskot word vir die onderhoud van ons Fynbospark aftreeoord toegewys.

Ons voorsien uitdagings vir die komende jaar, veral met koste stygings vir kos en ander uitgawes wat baie versigtig bestuur moet word.

Ons was jammer on te verneem dat ons provinsiale subsidie verlaag is, wat vir ons ‘n inkomste tekort vir die nuwe jaar gaan meebring. Die subsidie is verlaag van R568 500 tot R378 880 per jaar, wat ‘n verlies van inkomste van R189 620 of R15 801 per maand behels. Ons sal die komende jaar baie hard moet werk met fondsinsameling om hierdie tekort aan te vul.

Ons het ook nog deur personeel veranderinge gegaan, Melanie Miles wat baie lank ons bestuurder was het einde Oktober 2021 afgetree, maar ons is dankbaar dat Patricia oorgeneem het in November 2021. Ook ons jare lange boekhoudster, Averyl Pepper het in Julie 2021 afgetree, Karien Fry het by haar oorgeneem maar moes vir familie verpligtinge bedank. Ons is baie bly dat Frieda LIzamore die belangrike pos gevul het. Sy moes toe ook nog ons finansiële oudit behartig, wat baie goed gegaan het, ons het ‘n skoon oudit gekry.

Ons dank aan almal wat daagliks by ons dienssentrum betrokke is; die bestuur, die voltydse kombuispersoneel asook die onbaatsugtige diens wat ons vrywilligers bied.

Ons dank ook aan ons Hemelse Vader vir die seëning wat Hy vir ons gee en wat vir ons die dryfveer is vir die daarstelling vir die dienste wat ons lewer.

Bankbalans soos op 31 April 2022

Lopende Rekening	R 282,183.03
Geldmark Fynbos Dienssentrum	R 1,069,494.10
Geldmark Boufonds	R 1,896,422.14

Gerrit van den Dool

Voorsitter Finansiële Komitee

22 Mei 2022

FIN REPORT PAGE 2

Fynbos Dienssentrum / Fynbos Service Centre

KLEINMOND

01 APRIL 2021 tot Maart 2022

-

INKOMSTE

	Werklik tot op datum	Begroting vir jaar	% van Begroting
Spesiale program inkomste	510793.01	409700.00	124.7
Donasies en bemakings	57480.00	16000.00	359.3
Fondsinsameling	5439.00	50000.00	10.9
Huur ontvang	567.00	500.00	113.4
Inkomste uit beleggings	76616.22	43000.00	178.2
Ledegeld	18635.00	12500.00	149.1
Fynbos Park Levy & Krag & Huur	932789.26	886600.00	105.2
Subsidies	568507.00	568500.00	100.0
Ander Inkomste	3600.00	0.00	#DIV/0!
TOTAAL	**2174426.49**	**1986800.00**	**109.4**

UITGAWES

	Werklik tot op datum	Begroting vir jaar	% van Begroting
Salarisse en voordele	722768.99	721600.00	100.2
Vervoeruitgawes	1978.00	7000.00	28.3
Huurgeld	4776.00	600.00	796.0
Kantooruitgawes	35280.08	22250.00	158.6
Spesiale programuitgawes (dienste)	644256.30	513850.00	125.4
Spesiale dienste (oudit, bankkoste, versekering)	63421.59	60000.00	105.7
Fynbos Park	519064.06	661500.00	78.5
TOTAAL	**1991545.02**	**1986800.00**	**100.2**

Bedryfsoorskot / te kort **R 182 881.47** 0.00

FYNBOS PARK 2021/22 FIN YR

Gedurende die verslagjaar is daar begin met die beplanning van Fase 3 van Fynbos Park. Aangesien die doel van Fynbos Park is om wooneenhede teen billike pryse aan bejaardes beskikbaar te stel is besluit om `n blok woonstelle met 8 eenslaapkamer woonstelle in die fase te bou. Deur woonstelle te bou kan ook meer persone op die terrein geakommodeer word wat die eenheidskoste van dienste billiker maak.

Weens nuwe brandregulasies wat in werking getree het moes die ontwerp van die gebou drasties verander word en nuwe brandkrane en pype moes geinstalleer word. Die krag voorsiening moes uitgebrei word en spesiale brand alarmstelsels moes geinstalleer word. Al die nuwe vereiste het veroorsaak dat die pryse van hierdie woonstelle heelwat meer is as die woonstelle van Fase 2.

Bouwerk aan Fase 3 het begin Junie 2021 begin en is in April 2022 voltooi. Die bestaande ablusieblok op die perseel is ook omskep in stooruimte vir tuingereedskap en ablusie fasiliteite vir die personeel.

Ses van die 8 woonstelle is reeds verkoop.
Daar is tot dusver 12 tweeslaap woonhuise met garages, 3 eenmans woonstelle en 10 eenslaapkamer woonstelle voltooi. Die geboue is onlangs op R40 miljoen gewaardeer en die boufonds staan tans op R15 miljoen.

Beplanning vir die volgende fase het reeds begin en daar word beoog om nog 6 tweeslaapkamer huise met garages in die fase op te rig. Infrastruktuur tov riolering, stormwater, brandkrane en elektriese voorsiening sal op die boonste helfte van die terrain aangebring moet word voordat met die bouwerk begin kan word. Die voltooiingsdatum vir die 6 huise word geraam om in die tweede helfte van 2024 te wees. Daar is groot belangstelling in die huise en die waglys word tans deurgegaan voordat die toekennings gemaak word.

Christo Kok

15 September 2022

MANAGERS REPORT | BESTUURDER VERSLAG

This year God reminded us that we are ever evolving and changing. As much as we enjoy the security and comfort that continuity brings, we are often called out of our comfort zone when we work to the good of those we are called to serve. We had to bid a fond farewell to two amazing ladies who were in service here for a collective 13 years. Averyl and Melanie gave so much to this organisation and we will always be grateful for their selfless contributions.

Die Fynbos leuse is **Ons Glo, Ons gee om, Ons Dien!!** Dit is die doel van Fynbos om die gemeenskap en ons lede tot die beste van ons vermoë, op vele vlakke te dien. Etes is nog altyd die hoof diens, wat ons ook aan verswakte en huisgebonde persone op 'n daaglikse basis van Maandag tot Vrydag aflewer. Daar is met die hulp van verskillende vrywilligers en personeel 18,565 etes in die tydperk gekook, waarvan meer as die helfde afgelewer was.

We are truly blessed to have **Volunteers** who give not only of their time but also carry the costs of petrol and the usage of their vehicles in transporting meals. We would not be able to do this without them and give thanks that each of them is reliable and willing in this regard. Ons is so bevoorreg met die 68 **Vrywilligers** wat ons op vele gebiede bystaan. Dit is met groot waardering en diepe dankbaarheid dat ons elkeen bedank vir hul aandeel om Fynbos so suksesvol te maak. Due to Covid restrictions for the first three quarters of the 2021/22 financial year we could not continue yet again with many of the extra activities. We did however, restart a lot of our programmes in the new year as the restrictions were lifted and by end March 2022 most of the programmes were running full steam ahead.
Ons het ook 'n toename gesien in die **kliënte** wat maaltye neem. Teen die einde van Maart het ons gemiddeld 'n bykomende 200 maaltye per maand gemaak en alle tekens vir die komende finansiële jaar het 'n selfs groter toename in maaltye. **Verdere dienste** wat aangebied word was Kleinmond Senior Burgers; Kind 2 Hearing en SASFA senior gym.

Fynbos has a **permanent staff** component of 7 people. The team work has been awesome and each member of staff works closely with each other to ensure that we are able to meet the daily tasks head on. I have always known them to be friendly and helpful but now that I too am a member of this team, I have also noticed that they are patient & kind-hearted. It has been a pleasure to become their manager because they have made the assimilation into Fynbos seamless for me.

Our Board has 13 members representing various churches and the community. It is a God-send to have a board that has the best interests of the elderly community of Kleinmond at heart. Their wisdom and commitment is another one of the reasons that Fynbos continues to have relevance here in Kleinmond. I wish to thank this board not only for the opportunity they have given me here at Fynbos but also for their support and sound advice and guidance.

Fynbos Park - 'n Groot dankie aan die inwoners wat bymekaar staan en ook vrywillig werk doen in die Oord. Ons groei nou vinnig en die ekstra werk wat sommige inwoners ingesit het, kan net gevier word. Dit lê die grondslag vir die Fynbos-leuse om vorentoe te floreer.

…/2

Another important cog in this wheel is **BADISA** who has expertise in the service we are providing. They are always there to assist us operationally and also to help us grow our services basket. They also offer training courses to us and this empowers us to execute our mandate properly and within the law.

Further to this we also need to thank the **Department of Social Development**. Without their funding support we would not have been able to keep meal prices stagnant for 2 years and do a marginal increase for next year. We stand in awe of God's generous provision and grace. He continually protects Fynbos, despite the many challenges. He guides us to be carriers of His love and compassion. Therefore we continue to trust that He will help us so that we*," as the elect of God, holy and beloved, clothe ourselves with compassion, kindness, humility, gentleness, and patience* – Col 3:12." The many people who have supported us in the various ways above have responded to our cause and given us confirmation that our vision can be a lasting legacy for the Kingdom of our Lord.

Finally, we cannot close off this report without saying a heartfelt thank you to the greater **Kleinmond Community**. You support our events, become members and have donated to our Club100 consistently. We are blessed to be a part of this community that has such warm and kind hearts.

Patricia Kissane
September 2022

DONATEURS

NG KERK KLEINMOND, KLEINMOND FELLOWSHIP CHURCH, GEREFORMEERDE KERK KLEINMOND, CLUB100 DONATEURS, PRIVAAT DONATEURS

'n Eenvoudige dankie gee geensins oor hoe impakvol jou vrygewigheid jeens Fynbos was nie. Ten spyte van al die uitdagings van die Covid-pandemie was ons steeds ontvangers van skenkings wat ons werklik deur die finansiële jaar gehelp het.

U ondersteuning hou ons aan die gang en gee ons die sekuriteit om te weet dat hulp altyd op pad is.

Weereens bedank ons die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling wat self finansiële beperkings ervaar. Hulle het daarin geslaag om aan te hou om hulp aan ons te bied.

Wie 'n ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê.Wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is.

Spreuke 11:25

DONORS

NG KERK KLEINMOND, KLEINMOND FELLOWSHIP CHURCH, GEREFORMEERDE KERK KLEINMOND, CLUB100 DONORS, PRIVATE DONORS

A simple thank you in no way conveys just how impactful your generosity toward Fynbos has been. In spite of all the challenges that the Covid pandemic brought, we were still recipients of donations that really helped get us through the financial year.

Your support keeps us going and gives us the security of knowing that help is always on the way.

Again we thank the Department of Social Development who themselves are experiencing financial restrictions. They have managed to continue to offer aide to us.

Whoever brings blessing will be enriched, and one who waters will himself be watered.

Proverbs 11:25

Tel: 028 271 3602
email:fynbospark1@gmail.com
Web: www.fynbosdienssentrum.co.za
Registered at the Department of Social Development | Geregistreer by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Reg Nr: NPO 011-891 / PBP 930006348

THANK YOU TO ALL WHO HAVE BEEN GENEROUS AND CONSISTENT IN THEIR MONTHLY CONTRIBUTIONS

An initiative started in February 2022

BECOME A #CLUB100 SUPPORTER

FYNBOS SENIOR CENTRE

BANK: ABSA

BRANCH: 6302005

ACC: 820331168

REFERENCE: CLUB100

FYNBOS BEHEERRAAD | FYNBOS BOARD

DS J W van Wyk	Voorsitter
Mnr G Erlank	Ondervoorsitter
Mnr G van den Dool	Tesourier
Mnr C Kok	
Mnr JJ Coetzer	
Me A Du Toit	
Me J Floris	
Me E Jacobs	
Me P Kissane	Bestuurder
Mnr M Mans	
Dr CF Schutte	
Mnr L Strydom	Voorsitter Tegniese Komitee/Inwoners Komitee
Dr W van der Merwe	Voorsitter HUB komitee

PERSONEEL | STAFF

Me Patricia Kissane	Bestuurder
Me Frieda Lizamore	Boekhoudster/Admin
Me Alida Baardman	Hoof Kok
Me Magrieta Steenkamp	Assistent Kok
Me Simone Ehlers	Algemeene Assistent
Me Veronika Willemse	Algemeene Assistent
Mnr Wayne November	Tuinier